

Publication: Volksblad-Daily (Sport)
Publication Date: 12 Feb 2018
Page: 12

AVE: 13229.22
Circulation: 15527
Part: 1 of 1

VARSITYBEKER

# Kaf van die koring geskei

## Agterosse sal al hoe swaarder begin trek

**George Germishuys**

Dis nog vroeg in die wedloop om vanjaar se Varsitybeker, maar vandag se ronde van wedstryde sal reeds antwoorde op 'n paar belangrike vrae kan verskaf.

Dan sal ons uitvind wie die pas gaan volhou, wie die ware gevaarmanne is en of daar dalk nog 'n buiteperd in die truspieëltjie is om voor uit te kyk.



**Duncan Saal het vanjaar reeds vyf drieë in twee wedstryde vir die Maties gaan druk.** Foto: GALLO IMAGES

Die wedstryd tussen Shimlas en Wits in Bloemfontein sal veral die belangstelling prikkel. In die ander kragmetings kom die Ikeys teen die Pukke in Kaapstad te staan, die Maties pak die verdedigende kampioenspan, Tuks, op Stellenbosch en die Ixias speel teen die Madibaz in Bloemfontein.

Al is die spanne in laasgenoemde wedstryd aan die voetenent van die puntelys, sal die Ixias veral wil wys hulle hoort in die reeks. Die Madibaz sal op hul beurt weer wil vergoed vir 'n teleurstellende afskop tot die reeks teen die Ikeys.

Wits is een van die ontluikende kragte in die Varsitybeker-reeks – sy oorwinnings oor Ikeys en Tuks getuig daarvan – en sal vir Shimlas deeglik op hul tuisveld toets.

Shimlas sal nog hul wonde lek nadat die Maties hulle met 56-21 afgeransel het. Hulle het Tuks wel in die eerste ronde verslaan en sal moeilik op hul tuisveld geklop word.

Albei spanne speel met groot durf en geesdrif, met Wits wat tot 'n groot mate op emosie staatmaak.

Shimlas se grootste bate sal die vinnige tempo van hul spel wees. Hulle het ook talle spelers wat gevaarlik is in gebroke spel.

Wat die stryd op Ikeys se Green Mile betref, is dit moeilik om te voorspel waarmee die Pukke vorendag gaan kom. Die studente van Noordwes het hul eerste wedstryd teen die Ixias oortuigend met 70-7 gewen, maar 'n mens kry steeds die gevoel dat dié span – ten minste op papier – dalk nie meer so sterk soos in vorige jare is nie.

Ikeys is ook nie meer die krag van ouds nie, so dié wedstryd kan heel interessant verloop.

En dan is daar die stryd in die Danie Craven-stadion, die immergewilde kragmeting tussen Noord en Suid.

Die Maties het reeds vroeg vanjaar hul spiere gebult, en as die Maroen-masjien op alle suiers vuur, gaan hy moeilik gestuit word. Maar moenie summier die manne van Pretoria afskryf nie. Hoewel Tuks nog segeloos is, is hulle terdeë daarvan bewus dat 'n sege op Stellenbosch hul veldtog eensklaps weer op koers kan kry.

Verloor hulle, gaan dit lol om hul kroon suksesvol te verdedig.

■ **Afskoptye: 16:45:** Ixias t. Madibaz (SS 1); **18:30:** Ikeys t. Pukke, Shimlas t. Wits; **19:00:** Maties t. Tuks (SS 1).

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.